## Maart 2017

### Wêreldekonomie

Na die Fed se rentekoers aanpassing in Maart, het Yellen gesê die sentrale bank is bereid om tydelik inflasie te verduur en sy 2%-oogmerk te oorskry. Die bank beoog ook om sy beleid vir ’n rukkie akkommoderend te hou. Europese reguleerders het Deutsche Börse se beplande $14 miljard-oorname van die Londense Aandelebeursgroep geblokkeer, en gesê die transaksie sou ’n *de facto* monopolie geskep het om effekte en terugkoopooreenkomste in die EU te verreken. Die Britse ambassadeur van die Europese Unie het aan President Donald Tusk ’n brief oorhandig wat artikel 50 van die Lissabon verdrag herroep, wat die beginpunt is van ‘n twee jaar onderhandelingsproses vir uittrede. Inflasie het in Maart in die euro-gebied tot 1,5% gegly, laer as wat ekonome verwag het, volgens Eurostat se blitsskatting. ’n Toename in populisme is in talle ontwikkelde lande waargeneem, met anti-EU-politici wat veld in die VK, Frankryk en Italië wen.

### SA Ekonomie

President Jacob Zuma het die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, en agt ander kabinetslede die trekpas gegee in ’n gevaarlike magspel wat sy eie presidensie kan bedreig en die land se beleggingsgradering verder in gevaar stel. Die rand het getuimel na die nuus bekend geword het, aangesien die skuif die Suid-Afrikaanse ekonomie kan verswak en ’n skeuring in die regerende African National Congress party teweeg kan bring. SA inflasie het in Februarie tot 6,3% jaar tot jaar gedaal ten spyte van ’n relatiewe groot maandelikse styging. SA se 2016 4de kwartaal tekort op sy lopende rekening het tot 1,7% van die BBP vernou as gevolg van verhoogde uitvoere, ’n afname in invoere en ’n styging in dividend-invloei. Die syfer is die laagste in bykans ses jaar. SA se handelsbalans het aansienlik verbeter in die 4de kwartaal van 2016 en ’n surplus van 1,3% van BBP aangeteken, vergeleke met ’n tekort van -0,2% van BBP in die 3de kwartaal van 2016. Die SARB het rentekoerse onveranderd in Maart gelaat op sy tweede vergadering van 2017, wat plaasgevind het te midde van verhoogde politieke onrus.

### Tendense en geleenthede

- Twee of meer koersverhogings deur die FED word vanjaar verwag.
- SA inflasie sal na verwagting tot ’n gemiddeld van 5,7% daal, weens ’n verlangsaming in inflasie en ook gunstige basiseffekte.
- Suid-Afrika se uitvoere sal na verwagting ’n effense hupstoot kry.
- Binnelandse politieke risiko’s en die voortdurende risiko van ’n verdere kredietafgradering en veranderings in wêreldwye risiko-aptyt sal waarskynlik in 2017 die rand onbestendig hou.

*Economic growth without social progress lets the great majority of people remain in poverty, while a privileged few reap the benefits of rising abundance.”* ***John F. Kennedy***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional